



BORDUUR 'N BARGELLO- KUSSING



AS jy nog nooit tevore Bargello-steek geborduur het nie, kry jy nou die kans aan die hand van ons omvattende uiteensetting van die metode. Borduur dié mooi kussing-oortreksel en werk dit met 'n koordjie en tossels wat jy ook volgens ons aanwysings self gemaak het, af.

Die naam Bargello is aan die Bargello-paleis in Florence ontleen, waar dié soort borduurwerk sy oorsprong gehad het. Dit word ook Florentynse steek genoem. Hoewel die patroon die werk ingewikkeld laat lyk, is dit in der waarheid bloot 'n reguit steek wat oor 'n aantal drade strek, sodat die

werk lekker vinnig vorder. Allerhande ontwerpe kan verkry word, afhangend van hoe die steke geplaas word en hoe die kleure gerangskik word. Om jou te help, het ons vier oortreksels in verskillende kleurkombinasies geborduur sodat jy die een kan kies wat beste by jou dekor sal pas, sonder om

NA BLADSY 104

BORDUUR 'N BARGELLO-KUSSING

VAN BLADSY 101



met die kleurverandering te sukkel.

KUSSINGOORTREKSEL:

BENODIGDHEDE: Vir een oortreksel: 5 stringe DMC-tweedraadkroelwol in harmoneerende kleure; 46 cm enkeldraad-borduurgaas, 66 cm breed en 14 drade per 2,5 cm; tapisserienaald nr. 20; 'n skerp skêr; 'n vingerhoed; 'n ekstra string kroelwol vir tossels en koord; bypassende materiaal vir oortreksel-agterpant; 'n kussing wat styf in voltooide oortreksel sal pas, sowat 60 x 40 cm groot.

AANWYSINGS: Voorbereidingswerk: Boor gaasrande met katoenband om om uitrafeling te voorkom en ook om te voorkom dat gaasdrade wol pluus terwyl jy borduur.

Vou boorduurgaas eers oorlangs en dan in die dwarsste dubbel om vas te stel waar

middelpunt daarvan is, en merk middelpunt.

Borduurwerk: Daar word 'n strook gaas van 5 cm rondom die borduurwerk oop gelaat as naattoelating, en die eerste ry word van die middelpunt af sywaarts na weerskante geborduur om te verseker dat die ontwerp korrek geplaas word. Borduur die eerste ry baie versigtig om geen fout te begaan nie, want dié ry gaan vorm aan die patroon gee en dien as rigsgnoer vir al die rye wat daarop volg.

Ryg vier drade van donkerste skakering kroelwol wat gebruik gaan word, deur naald en knoop eindpunte van wol saam vas. Druk dié knopie aan agterkant van gaas, 'n entjie van gemerkte middelpunt af en in lyn met eerste borduurry vas, en steek naald deur om eerste vyf steke oor vyf gaasdrade te werk soos borduurwerkdiagram op bl. 130 aandui. (Werk dié steke ook oor garingknopie en stuk garing wat agter werk vasgehou word om dit te begin toe borduur.) Steek naald twee gaasdrade laer langs eerste vyf steke deur en werk dié keer vier steke oor vyf drade. Werk verder volgens borduurwerkdiagram (wat slegs begin van eerste herhaling van golfpatroon toon omdat almal eenders geborduur word om soos gegewe boog te lyk) tot einde van ry, 5 cm van gaasrand af. Draai werk en diagram om en borduur ander helfte van eerste ry.

Begin al die volgende rye 5 cm van een gaasrand af en eindig 5 cm van teenoorgestelde gaasrand af. Borduur kleurvolgorde volgens foto van gekose ontwerp en werk garingpunte deurgaans agter in borduurwerk weg terwyl jy borduur.

Om oortreksel te voltooi: Knip 'n pant uit gekose materiaal, so groot soos geborduurde voorpant van oortreksel, om as agterpant te dien. Plaas voorpant op agterpant, met regte kante opmekaar, en stik baie versigtig so na aan borduurwerk se rand as moontlik aan drie kante aan mekaar vas. Knip naattoelating smaller en dop na regte kant om. Steek kussing by opening in en knip opening se rafelrande 'n bietjie smaller. Vou rafelrande na binne om en werk naat met die hand toe.

Maak tossels en koord om kussing mee af te rond.

TOSSELS: DIAG. A: Knip 'n stuk karton 9 cm breed en ongeveer 15 cm lank, en draai 'n woldraad 62 keer in dwarsste om dié kartonstrokie. Ryg 'n woldraad deur 'n naald en vorm twee lusse om die drade op kartonstrokie, soos diagram aandui, deur naald onder drade deur te steek. Trek lusse met behulp van uitstekende garingpunte styf en laat punte los hang om tossels later mee aan hoeke van kussing vas te werk. Trek kartonstrokie uit.

DIAG. B: Neem weer 'n baie lang stuk wol, vou dit dubbel en steek die dubbele draad deur die oog van die naald. Slaan deurgerygde drade 'n slag om woldraadbondel sowat 2 cm van binddrade af, steek naald deur lus wat gevorm is toe draad aanvanklik dubbel gevou is en trek wol goed vas om kop van tossel te vorm. Draai woldrade nog 'n keer om bondel en eindig stewig met versteekte stekies af, maar moenie die drade afknip nie.

NA BLADSY 130

PYOTIS



*Elke man wil graag 'n bak bate
in die bande kry.*

wat 'n bakspul



BORDUUR 'N BARGELLO-KUSSING

VAN BLADSY 104

DIAG. C: Werk nou met dié drade voort en begin met eerste ry knoopsgatsteke om tosselkop af te werk soos diagram aandui. Moenie steke te styf vastrek nie of te dig opmekaar plaas nie. Ongeveer agt steke rondom is genoeg.

DIAG. D: Hou so aan en werk opeenvolgende rye knoopsgatsteke bo mekaar al om tosselkop. Steek naald telkens by rif wat deur voorafgaande ry knoopsgatsteke gevorm is, in, en werk tot tosselkop amper heeltemal oortrek is van knoopsgatsteke. Werk nou oor eerste laag knoopsgatsteke nog 'n laag, maar werk slegs in elke tweede knoopsgatsteekrif tot tosselkop dié keer heeltemal bedek is.

DIAG. E: Steek oorblywende stuk wol-draad netjies weg deur naald afwaarts deur punt van tosselkop te steek en drade gelyk met tossellusse onder af te knip. Knip


tossellusse nou onder deur en knip punte gelyk.

KOORD: **DIAG. A:** Om 'n koord te draai wat om kussing sal pas, moet jy en 'n helper elkeen 'n potlood in die hand neem en 426 cm van mekaar af gaan staan. Draai nou 'n baie lang woldraad tien keer om die twee potlode, sodat daar altesaam 20 drade gespan is.

DIAG. B: Hou drade styf gespan en draai potlode in teenoorgestelde rigtings tot 'n string gevorm het wat so styf gedraai is dat dit teen die potlode wil krul.

DIAG. C: Nou moet 'n tweede helper die middel van die string vasvat terwyl die potlode bymekaargebring word. **Moenie die spanning laat verslap nie.** Iemand moet die twee potlode nou saam vashou terwyl iemand anders die twee stringe ineen laat draai om die koord te voltooi.

DIAGRAM VIR BORDUUR-WERK



Bargello-steek word gewerk deur elke steek vertikaal oor vyf horisontale gaasdrade te werk.

DIAGRAMME VIR TOSSELS





DIAGRAMME VIR KOORD



Vertrou op Steri-Nappi om doeke higiënies skoon en wit te week.



Dankie Mamma!

Op stuk van sake behoort gekookte doeke tot die verlede. En 'n baba het daardie ekstra liefdevolke beskerming van Steri-Nappi nodig.

Dit steriliseer doeke inderdaad en laat hulle dan higiënies sag en wit.

Sonder enige beslommernis.

Al wat u doen, is om 'n vuil doekie oornag in 'n Steri-Nappi-oplossing in die spesiale 20 liter Steri-emmer met die toeknip-deksel te week.

Spoel dan uit en hang op om droog te word.

En Steri-Nappi kos so min soos 30 sent per week om baba se doeke frisskoon en kienvry te hou.



Steri-Nappi
Week doeke die skoonste.